

Sondag 24 Mei

Skrifgedeelte: Lukas 23:26-43

Fokusgedeelte: Lukas 23:26

Om Jesus se kruis te dra!

Christus se lydenspad was verskriklik. Hy het uitgeput, verwond en bebloed, al struikelende die pad gestap! En gedreineer van byna alle lewe en krag het Hy telkens onder die gewig daarvan geval. Toe Jesus, menslik gesproke, nie meer in staat was om sy eie kruis te dra nie, gryp die Romeinse soldate 'n niksvermoedende man uit die skare en sit die bloedbesmeerde kruis op hom. Op dié manier doen Simon van Sirene vir Jesus die wonderlike genade aan om sonder die las van die kruis voort te gaan.

Baie mense het baie dinge vir Christus gedoen op sy aardse lewe, maar Simon se diens staan alleen. Marta kon Hom 'n ete gee. Die sondares kon haar self op sy voete uitgiet. Iemand het sy huis aangebied vir die laaste avondmaal. Maar net Simon het sy kruis gedra. Simon se lewe is daardeur onherroeplik verander.

Ná Jesus se dood het Simon en sy vrou dissipels geword. En sy seuns, Alexander en Rufus, later leiers in die gemeente. Heelwat later sê Paulus dat Simon se vrou vir hom soos 'n eie ma is. Vir 'n kort rukkie het Simon hom bevind in die lig wat van die Seun van God afstraal. Dit het sy lewe vir die ewigheid verander.

Niemand kom voor die Seun van God verby en word nie verander nie. Niemand stap onaangeraak by Golgota verby nie. Mens laat jou óf aantrek deur God se liefde óf jy verhard jouself tot jou eie verderf.

Op watter kruispad bevind jy jou vandag? Waar jy jou ook al bevind: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy sy kruis opneem en My volg." Wees vandag 'n kruisdraer vir Hom, getuig van Hom, leef naby Hom!

Sing: Skrifberyming 5-2:3, 4

Dr. D Saaiman (De Wet) (Krugersdorp)